# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 26 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI-MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek bewyse uit bronne.<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese konsepte/terme. | 30%<br>(15) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is.<br>• Ontleed bewyse uit bronne. | 40%<br>(20) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings. | 30%<br>(15) |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem gelê word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag in kursief aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik ’n regmerkie (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punteskema, bv. (2 x 2) wat na twee redes vertaal en elk twee punte kry (✓✓✓✓); (1 x 2) wat na een rede vertaal en twee punte kry (✓✓).
- As ’n vraag 4 punte dra, dui dan aan deur 4 regmerkies te plaas (✓✓✓✓).

### 1.4 By die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste kan die antwoord wees:

- Dit wys/Dit dui aan/Beide bronne ...
- Maar in gevalle van verskille tussen bronne, moet die antwoord wees: In bron A …, maar in bron B …

© SACAI KOPIEREG

## 1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (●) by elke punt in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees die paragraaf weer om te evalueer tot watter mate die kandidaat relevante bewyse kon gebruik om 'n paragraaf te skryf.
- Dui aan die einde van die paragraaf die regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan asook die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en 'n kort opmerking, bv.

  ______________●____________________●______________________

  ____________________●________________________●____________

  ________________________●__________________________●

  ✓✓✓✓

  Vlak 2

- Meestal relevante bewyse is gebruik om 'n basiese paragraaf te skryf.

  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die regterkantse kantlyn onder, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voor-/agterblad van die antwoordskrif oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis van kandidate om:

- In staat te wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te struktureer. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en verbande lê sodat hulle 'n redelike volgorde van feite, of 'n doeltreffende argument kan aanbied om die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde versameling bewyse, en 'n gevolgtrekking/ afronding het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of slot hê as dié wat in ’n spesifieke opstelnasienriglyn vir ’n spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer oopeinde-brongebaseerde vrae geassesseer word, moet kandidate krediet vir enige ander relevante antwoorde kry.

### 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk moet bepunt, sonder om die samestellende dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om ’n individuele mening te gee deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die kandidaat verwag word om ‘feite’ bloot te herhaal om ’n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig kandidate om ‘model’ antwoorde voor te berei en dit weer te gee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet aan kandidate se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudsgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendheid nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van ’n argument.
- Die toepaslike keuse van feitelike bewyse om so ’n argument te ondersteun.
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag.

### 2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis/oorsig in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die eerste lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), elk van die hoofpunte/-aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte in die nasienriglyn/memorandum) en ’n relevante gevolgtrekking/afronding (aangedui deur ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), bv. in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende bykomende simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, kernaspekte en slot nie behoorlik gekontekstualiseer nie

^

| | | |
|---|---|---|
| • | Verkeerde stelling | ____________________ |
| • | Irrelevante stelling | \| |
| | | \| |
| | | \| |
| • | Herhaling | R |
| • | Analise | A ✓ |
| • | Interpretasie | 1 ✓ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik die matriks in die nasien van die opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos in die matriks verskaf, gebruik word.

Let op die inhoud en aanbieding wanneer u die opstel assesseer. By die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

(a) Die eerste lees van die opstel sal wees om te bepaal na watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudvlak** (op die matriks) toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lees van die opstel sal verband hou met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| P | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | }26–27 |
| P | VLAK 3 | |

# GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNTE: [50]

| **AANBIEDING** → <br> ↓ <br> **INHOUD** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplan en gestruktureer Goeie sintese van inligting. Het 'n oorspronklike, goed gebalanseerde en onafhanklike argumentasie met die gebruik van bewyse ontwikkel, die argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekkings word gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6**<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Het 'n relevante argumentasielyn ontwikkel en gebruik om die argument te verdedig. Pogings om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die getuienis te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Pogings om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Het 'n argument beplan en saamgestel. Bewyse word tot 'n mate gebruik om die argument te ondersteun. Gevolgtrekkings bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3**<br>Toon 'n paar bewyse van 'n beplande en gekonstrueerde argument. Pogings om 'n argument te handhaaf. Gevolgtrekkings nie duidelik deur bewyse ondersteun nie. | **VLAK 2**<br>Pogings om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of 'n poging om 'n argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1**<br>Min of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is volledig beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot die argument. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argumentasielyn. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag is herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou wel verband met die vraag, maar beantwoord dit nie, of hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings in dekking. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag onvoldoende aangespreek. Skraal inhoud. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag onvoldoende aangespreek of glad nie. Onvoldoende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir VLAK 1.**

- Vraag glad nie aangespreek nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemeen irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7–13

| | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|
| | **Onttrek bewyse uit bronne. Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. Definieer historiese konsepte.** | **Interpretasie. Verstaan bron en skrywer se mening. Eenvoudige vergelyking. Verduidelik historiese konsepte.** | **Interpreteer en evalueer. Raak betrokke by bevooroordeeldheid, betroubaarheid, bruikbaarheid. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasies.** |
| **KABV** | **30%** | **40%** | **30%** |
| 1.1.1 | 1 | | |
| 1.1.2 | 1 | | |
| 1.1.3 | | 4 | |
| 1.1.4 | | 2 | |
| 1.1.5 | | | 4 |
| | | | |
| 1.2.1 | 1 | | |
| 1.2.2 | 3 | | |
| 1.2.3 | | 4 | |
| 1.2.4 | 2 | | |
| | | | |
| 1.3.1 | 3 | | |
| 1.3.2 | | 2 | |
| 1.3.3 | 3 | | |
| 1.3.4 | | 2 | |
| | | | |
| 1.4.1 | | 2 | |
| 1.4.2 | | 4 | |
| 1.4.3 | | | 4 |
| | | | |
| 1.5 | | | 8 |
| | **30%** | **40%** | **32%** |
| 2.1.1 | 1 | | |
| 2.1.2 | 4 | | |
| 2.1.3 | | 2 | |
| 2.1.4 | 4 | | |
| | | | |
| 2.2.1 | | 2 | |
| 2.2.2 | | 4 | |
| 2.2.3 | | 4 | |
| | | | |
| 2.3.1 | 2 | | |
| 2.3.2 | | 4 | |
| 2.3.3 | | | 4 |
| | | | |
| 2.4.1 | 2 | | |
| 2.4.2 | | 4 | |
| 2.4.3 | | | 4 |
| | | | |
| 2.5 | | | 8 |
| | **28%** | **40%** | **32%** |
| 3.1.1 | 1 | | |
| 3.1.2 | 2 | | |
| 3.1.3 | | 2 | |
| 3.1.4 | 1 | | |
| 3.1.5 | | | 4 |
| | | | |
| 3.2.1 | 1 | | |
| 3.2.2 | 3 | | |
| 3.2.3 | 4 | | |
| 3.2.4 | | 4 | |
| | | | |
| 3.3.1 | | 4 | |
| 3.3.2 | 2 | | |
| 3.3.3 | | 4 | |
| | | | |
| 3.4.1 | | 4 | |
| 3.4.2 | | 2 | |
| 3.4.3 | | | 4 |
| | | | |
| 3.5 | | | 8 |
| | **28%** | **40%** | **32%** |

## AFDELING A

### VRAAG 1: HOE HET PW BOTHA SE REGERING PROBEER OM APARTHEID TE HERVORM OM DIE SWART MEERDERHEID IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE 1980's TE PAAI?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1A – Vlak 1]*

- "'Pas aan of sterf' het sy wagwoord geword soos hy 'hervorming' sonder presedent voorgehou het".
- "… die verste wat hy egter bereid was om te gaan, was om die groot skeiding in Suid-Afrikaanse politiek te verskuif ..." (1x1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1A – Vlak 1]*

- "om verandering te maak om verbetering te weeg te bring/dinge te verbeter".
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x1) (1)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – Vlak 2]*

- Hy was die eerste Suid-Afrikaanse Eerste Minister om polities met die swart meerderheid te praat.
- Hy het kleinlike apartheidswette begin herroep.
- Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika het Kleurlinge en Asiatiese/Indiërs verteenwoordiging in die wit parlement gehad.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – Vlak 2]*

- Swart Afrikane is nie politieke regte in 'wit' Suid-Afrika gegee nie.
- Hulle kon hulle reg om te stem in die tuislande toepas.
- Swart Afrikane was nie verteenwoordig in die Drie Kamer parlement nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

1.1.5 *[Toets betroubaarheid van Bron 1A – Vlak 3]*

**Betroubaar:**

- Dit bevat feite wat getoets kan word.
- Die artikel is deur 'n Suid-Afrikaanse historikus saamgestel.
- Die bron bevat beide positiewe en negatiewe bydraes van Botha tot die Suid-Afrikaanse politiek.

**Onbetroubaar:**

- Die bron is in 2006 saamgestel lank na Botha se dood.
- Dit is saamgestel na apartheid ontbind is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[12]**

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1B – Vlak 1]*

- "… interne swart ontevredenheid". (1x1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1B – Vlak 1]*

- "… die irriterendste aspekte van die gewettigde rassediskriminasie verwyder …"
- "… stedelike swartes meer beheer oor hul eie sake gee …"
- "… groter ekonomiese belang in die wit gebiede gee". (3x1) (3)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – Vlak 2]*

(a) Swartes het politieke regte in hulle tuislande gekry. (1x2) (2)

(b) Stedelike swartes is in die wit parlement deur plaaslike regering in die lokasies ingesluit. (1x2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1B – Vlak 1]*

- "… Asiërs …"
- "… Kleurlinge …" (2x1) (2)

**[10]**

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1C – Vlak 1]*

- "… amp van die Vise-president geskep".
- "… die Senaat afgeskaf …"
- "… voorsiening gemaak vir die skepping van 'n Presidentsraad". (3x1) (3)

1.3.2 *[Definieer begrip van Bron 1C – Vlak 2]*

- Botha se basiese beginsels waarvolgens Suid-Afrika regeer moet word.
- Reëls wat Botha ingestel het om die swart meerderheid in Suid-Afrika te paai.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1C – Vlak 1]*

- "… ouderdom …"
- "… Burgerskap …"
- "… aangewese ras". (3x1) (3)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1C – Vlak 2]*

- Swartes was uitgesluit uit die Presidentsraad alhoewel daarna verwys is as verteenwoordigend van alle burgers van Suid-Afrika.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

**[10]**

1.4

1.4.1 *[Interpretasie van historiese begrip in Bron 1D – Vlak 2]*

- Hervorming beteken verandering: Botha het probeer om die regering te verander.
- Dit is ’n klein pakkie/boks.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1D – Vlak 2]*

- Die reaksie van die Swart persoon wys skeptisisme en teleurstelling.
- Die hervormings is nie goed ontvang nie en is as onvoldoende beskou.
- Daar was ongeloof en woede.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

1.4.3 *[Vergelyk Bronne 1C en 1D – Vlak 2]*

- Bron 1C is oor die Presidentsraad en Bron 1D wys hoe die Swartes op hervorming reageer het.
- Bron 1C – Die President, Botha was verantwoordelik vir die verkiesing van die komitees en lede van die Raad.
- Bron 1D – Botha probeer die swartes oortuig om die hervorming te ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[10]**

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die 1980's is deur geweld in die lokasies in Suid-Afrika gekenmerk (Eie kennis).
- Botha stel hervorming in om swart ontevredenheid teen apartheid te paai (Bron 1B).
- Botha was die eerste apartheid president om Soweto te besoek en oorsee te reis (Bron 1A).
- Hy het aangedring dat apartheid dood is (Bron 1A).
- Hy het probeer om 'n stabiele stedelike swart bevolking te skep deur rassediskriminasie en kleinlike apartheidswette te verwyder (Bronne 1A en 1B).
- Botha se wettiging van swart vakbonde in 1979 gee die swart industriële arbeid a regte stem (COSATU) (Bron 1B).
- Plattelandse swartes is polities in hulle tuislande verteenwoordig (Bronne 1A en 1B).
- In 1985 het Botha hervormings belowe as gevolg van die voortslepende geweld in die land; hy belowe om die 'Rubicon oor te steek' (Bron 1D en Eie kennis).
- Hervormings wat hy ingestel het, het net aan Kleurlinge en Asiërs 'n vorm van verteenwoordiging in die wit Driekamerparlement gegee (Bron 1C).
- Net residensiële, opvoedkundige en rassesegreregasie is onderhou (Bron 1A).
- Die Vyfde Wysigingswet het die ontstaan van die Presidentsraad toegelaat (Bron 1C).
- Net Indiërs en Kleurlinge kon tot die Presidentsraad verkies word (Bron 1C).
- Die Driekamer-parlement het swartes uitgesluit (Bron 1C).
- Geweld het dikwels uitgebreek en die regering het 'n Tweede Noodtoestand afgekondig wat vir die meeste van die 1980's in plek was (Eie kennis).
- Rollende Massa-aksie het momentum bereik en Botha het dit as deel van die 'totale aanslag' as magte wat Suid-Afrika wou vernietig, beskou (Eie kennis).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor Botha se hervormings om die swart meerheid in die 1980's te paai**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 − 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip oor Botha se hervormings om die swart meerheid in die 1980's te paai.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip oor Botha se hervormings om die swart meerheid in die 1980's te paai.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui. | **Punte: 6 − 8** |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDSAAK VAN DIE CRADOCK VIER HANTEER?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2A – Vlak 1]*

- "… die 36ste herdenking van die moord op die Cradock Vier …" (1x2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2A – Vlak 1]*

- "Matthew Goniwe".
- "Fort Calata".
- "Sicelo Mhlauli".
- "… Sparrow Mkonto". (4x1) (4)

2.1.3 *[Definisie van begrip van Bron 2A – Vlak 2]*

- Mense wat geveg het om apartheid in Suid-Afrika te beëindig.
- Mense wat aangedring het op politieke en sosiale verandering in Suid-Afrika.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2A – Vlak 1]*

- Matthew Goniwe "…gehelp om 'n skoolstaking in die gemeenskap te organiseer en te ondersteun ..."
- Fort Calata "… 'n geskiedenis van aktivisme gehad …"
- Sicelo Mhlauli "… was ook 'n lid van die UDF …"
- Sparrow Mkonto "… 'n senior ampsdraer van die Cradock Inwonersvereniging (CRADORA) …" (4x1) (4)

**[12]**

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – Vlak 2]*

- Amptelike verskoning (vergifnis) vir polities-gemotiveerde misdaad/gruweldade met die voorwaarde dat die oortreders na vore kom en die volle waarheid oor die menseregteskendings wat hulle gedurende die apartheid era gepleeg het, (1960–1990) gee.
- Amptelike verskoning (vergifnis) wat gegee is aan oortreders van menseregte skendings by die WVK.
- Oortreders wat voor die WVK verskyn het, is gevrywaar teen enige vervolging van hulle misdade.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 2]*

- Hulle was lede van 'n organisasie wat verban is en teen die apartheidsregering geveg het.
- Hulle het 'n UDF-vergadering bygewoon gedurende die noodtoestand wat vergaderings verhoed het.
- Hulle was besig om gemeenskappe teen die apartheidregering te mobiliseer.
- Hulle wou die apartheidsregering met 'n regering wat deur die swart meerderheid gelei word, vervang.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 2]*

- Die bevelvoerder het geweet van die plan om die Cradock Vier te vermoor maar het nie aan die moord deelgeneem nie.
- Die Veiligheidsmagte het gebieg/erken dat hulle die moord gepleeg het voor die WVK maar dit is bevind dat die moord nie polities gemotiveerd was nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[10]**

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2C – Vlak 1]*

- "… om bewustheid van die WVK se werk te kweek …"
- "… slagoffers aan te moedig om getuienis te lewer …" (2x1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2C – Vlak 2]*

- Suid-Afrika was 'n demokrasie en dit was nodig dat alle rassegroepe saamwerk.
- Suid-Afrikaners mekaar vergewe vir die verlede se oortredings.
- Om 'n nuwe verenigde nasie te bou.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

2.3.3 *[Beperking van bewyse van Bron 2C – Vlak 3]*

- Hierdie bron het geen inligting oor die Cradock Vier saak nie.
- Daar is geen inligting oor hoe die WVK die saak hanteer het nie.
- Dit verwys na die onafgehandelde sake van die WVK maar daar is geen verwysing na die Cradock Vier nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[10]**

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2D – Vlak 1]*

- "Die regering waarvoor die Cradock Vier geveg het, het aanhoudend gefaal om sy beloftes van geregtigheid na te kom ..."
- "… nooit enigeen van hulle oor hul beweerde betrokkenheid by die gebeure uitgevra nie …" (2x1) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2D – Vlak 2]*

- Hy was die enigste oorlewende president van apartheid van Suid-Afrika.
- Sy regering is blameer vir die meeste skendings gedurende apartheid.
- Hy het nie vir amnestie aansoek gedoen nie.
- Hy het geweier om in die openbaar om verskoning te vra.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

2.4.3 *[Vergelyking van Bronne 2B en 2D – Vlak 3]*

- Bron 2B verklaar dat ses veiligheidspolisiemanne aansoek gedoen het vir amnestie vir die moord op die Cradock Vier maar Bron 2D beweer dat hoë profielamptenare nooit vir amnestie aansoek gedoen het nie.
- In Bron 2B het die veiligheidspolisielede bely dat hulle die Cradock Vier vermoor het, maar in Bron 2D is die hoë-profiel politici nooit voor die WVK gedaag nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die WVK is gevestig deur die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoeningswet van 1995 om eenheid en vrede en versoening tussen die mense van Suid-Afrika te bevorder (Eie kennis).
- Die WVK het menseregteskendings (1960–1994) uit die slagoffer en oortreders se perspektief ondersoek om waarheidmededeling en heling te bevorder (Eie kennis).
- Die moordenaars van die Cradock Vier is na 36 jaar nog nie tot verantwoording gebring nie (Bron 2A).
- Die WVK het plakkate gemaak om slagoffers en oortreders aan te moedig om voor die WVK te verskyn (Bron 2C).
- In baie gevalle is die oortreders en slagoffers se sake aangehoor die waarheid het uitgekom en die slagoffers het sluiting gevind (Eie kennis).
- Baie het nie die proses van amnestie verstaan nie – dit was nie maklik om te vergewe nie – hulle wou hê die oortreders moet gestraf word (Eie kennis).
- In 1999 het ses lede van die veiligheidspolisie aansoek gedoen vir amnestie vir die moord op die Cradock Vier (Bron 2B).
- Hulle is amnestie geweier maar is nooit vervolg nie (Bron 2B).
- In 2021 het die familie van die Cradock Vier aangedring dat die mense wat verantwoordelik vir die moord was, vervolg word (Bron 2D).
- Sommige hoë profiel politici is vir die moord geïmpliseer (Bron 2D).
- Hulle is nooit gevra om voor die WVK te verskyn nie (Bron 2D).
- Families van die oorledenes is woedend en bitter oor die situasie (Bron 2D).
- Hulle blameer die ANC regering dat hulle nie die mense beskerm het wat teen apartheid baklei het nie (Bron 2D).
- Die saak is hangende (Bron 2C).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die WVK die moord op die Cradock Vier hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip van hoe die WVK die moord op die Cradock Vier hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **wat 'n deeglike begrip toon van hoe die WVK die moord op die Cradock Vier hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat<br>• begrip vir die onderwerp aandui. | **Punte: 6 – 8** |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: WAT IS DIE GLOBALE KWESSIES WAT DEUR DIE G20 IN DIE 21STE EEU AANGESPREEK WORD?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "… regeringsleiers het vir die eerste keer by die G20-beraad in Washington in November 2008 vergader het om die wêreldwye ekonomiese en finansiële krisis te hanteer". (1x1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "… ministers van finansies …"
- "… sentrale bankgoewerneurs". (2x1) (2)

3.1.3 *[Definieer begrippe in Bron 3A – Vlak 2]*

- 'n Globale ekonomiese afwaartse beweging waar die waarde van geld verminder het.
- 'n Tydperk van stres in globale finansiële markte en banksisteme.
- Die stres versprei van die VSA na die res van die wêreld deur skakels in die finansiële sisteme.
- Banke die wêreld oor ly groot finansiële verliese en steun op regerings vir ondersteuning om bankrotskap te vermy.
- Maatskappye is bankrot en dank werkers af.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "Suid-Afrika" (1x1) (1)

3.1.5 *[Bruikbaarheid van bewyse in Bron 3A – Vlak 3]*

- Dit verduidelik die grondwet, oorsprong en ledetal van die G20.
- Die historikus sal weet dat die G20 in samewerking met ander internasionale organisasies werk.
- Afrika het verteenwoordiging in die G20.
- Hy sal ook weet waarom die organisasie in 2008 begin is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[10]**

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3B – Vlak 1]*

- "2023". (1x1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3B – Vlak 1]*

- " Maatskaplike insluiting en die stryd teen honger".
- " Energie-oorgang en volhoubare ontwikkeling in sy maatskaplike, ekonomiese en omgewingsaspekte".
- " Hervorming van die wêreldwye bestuursinstellings". (3x1) (3)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3B – Vlak 1]*

- "… Wêreldbank".
- "… Internasionale Monetêre Fonds".
- "… Wêreldhandelsorganisasie".
- "… Verenigde Nasies se Veiligheidsraad …" (4x1) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – Vlak 2]*

- Om dit toeganklik vir lede maak ondanks verskille.
- Afrika moet in die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies verteenwoordig word.
- Ontwikkelende en onderontwikkelde lande moet gehoor word en daar moet reaksie wees.
- Gelyke behandeling vir lidlande.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[12]**

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – Vlak 2]*

- Suid-Afrika is een van die invloedrykste lande in die Afrika-Unie (AU) en BRICS.
- Daar is relatiewe politieke stabiliteit in Suid-Afrika.
- Suid-Afrika se geldeenheid is sterker as dié in baie van die sogenaamde ontwikkelende lande.
- Suid-Afrika is die jongste demokrasie in die wêreld.
- Suid-Afrika was gasheer vir 'n verskeidenheid berade oor die afgelope jare.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3C – Vlak 1]*

- "Solidariteit, Gelykheid, Volhoubaarheid" (1x2) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – Vlak 2]*

- Die lande wat die presidentskap van die G20 na Brasilië kry, moet dinge anders doen.
- Die lande moet werkbare oplossings vind vir die wêreld se probleme en dit sonder versuim uitvoer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[10]**

3.4

3.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – Vlak 2]*

- Indië aanvaar die Presidentskap van die G20.
- Die fokus van die Presidentskap is eenheid, energie, klimaat, handel en voedsel.
- Die VSA, Japan en die EU is nie opgewonde oor die Presidentskap nie, maar Rusland, China en Suid-Afrika is opgewonde.
- Enige ander relevante antwoord. **(**Enige 2x2)(4)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – Vlak 2]*

- Suid-Afrika, China en Rusland is ontwikkelende lande maar die VSA, Japan en EU lande is ontwikkelde lande.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

3.4.3 *[Vergelyking van Bronne 3C en 3D – Vlak 3]*

- Bron 3C is 'n geskrewe bron oor Suid-Afrika se presidentskap van die G20 en 3D is 'n spotprent wat die Indiese presidentskap van G20 in 2023.
- Bron 3C verwys na die feit dat Suid-Afrika die presidentskap van die G20 in 2025 sal oorneem en Bron 3D wys dat Indië die Presidentskap in 2023 gehad het.
- Bron 3C sê dat Suid-Afrika se Presidensie op solidariteit, gelykheid en volhoubaarheid sal fokus en Bron 3D wys eenheid, energie, klimaat, handel en voedsel as die fokus.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**[10]**

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die G20 is by die G7 in Junie 1999 voorgestel (Bron 3A).
- Hulle eerste beraad is in 2008 in Washington gehou omdat daar ’n finansiële krisis in 2008 was (Bron 3A).
- 19 lande het lede geword met die EU as die 20ste lid. Die Afrika Unie is eers as lid in 2023 aanvaar (Bron 3B).
- Internasionale organisasies soos die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldhandelsorganisasie en Verenigde Nasies se Veiligheidsraad het saamgewerk aan die globale kwessies (Bronne 3B en 3C).
- Die 19de Beraad is in November 2024 in Brasilië gehou (Bron 3B).
- Die Beraad se prioriteite was sosiale insluiting en die stryd teen honger, energieverskuiwing en volhoubare ontwikkeling en hervorming van globale organisasies (Bron 3B).
- Suid-Afrika sal die Presidentskap van G20 in 2025 oorneem (Bron 3C).
- Die Indiërpresidentskap van die EU het op eenheid, energie, klimaat, handel en voedsel gefokus (Bron 3D).
- Die EU, VSA en Japan was nie opgewonde oor Indië se Presidentskap van G20 nie (Bron 3D).
- Suid-Afrika het solidariteit, gelykheid en insluiting as hul tema vir die G20 aangeneem (Bron 3C).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse toon geen of min begrip **van wat die globale kwessies is wat deur die G20 in die 21ste eeu aangespreek word.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 − 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon ’n mate van begrip van wat die globale kwessies is wat deur die G20 in die 21ste eeu aangespreek word.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **wat ’n deeglike begrip toon van wat die globale kwessies is wat deur die G20 in die 21ste eeu aangespreek word.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui. | **Punte: 6 − 8** |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

© SACAI KOPIEREG 

## AFDELING B: OPSTELLE

*[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

'Steve Biko is as 'n bedreiging deur die apartheid regime beskou'.

Verduidelik na watter mate Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging (SBB) die apartheidregime in die 1970's uitgedaag het.

Gebruik relevante historiese voorbeelde om jou argument te ondersteun.

**SINOPSIS**

In die skryf van die opstel moet kandidate deur bewyse wys na watter mate die Swartbewussynsbeweging (SBB) suksesvol was om apartheid in die 1970's en 1980's uit te daag.

**KERNASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet fokus op die impak van die SBB op die apartheidstaat. Kandidate moet hul standpunt stel.

**UITBREIDING**

**Fokus op die impak van die SBB:**

- Agtergrond: In die 1960's en 1970's is die apartheidsbeleid, 'n streng vorm van segregasie, gebruik. Swart leiers was in ballingskap.
- Die Swartbewussynsbeweging (SBB) het 'n vakuum gevul.
- Die SBB se mees herkenbare leier, Steve Biko, was die gewilde stem van Swartvryheid tussen die middel 1960s en sy dood in polisie aanhouding in 1977.
- Swartbewussyn is 'n houding van die denke, dit leer van swart trots.
- Beïnvloed deur Martin Luther King Jr., Malcolm X en die Swartmag Beweging in die VSA.
- Dit onderskryf die idee dat die 'Swartman' nie op wittes moet steun om verandering teweeg te bring nie.
- Die filosfie word geassosieer met Biko wat essays geskryf het, bv. '*I Write what I Like'* – wat die apartheidstaat uitgedaag het.
- Swartbewussyn het die apartheidsterm *nie-blank* met die woord *swart* vervang.
- Dit het Indiërs en Kleurlinge sowel as swart Suid-Afrikaners ingesluit. Die term *Swart* is as 'n vorm van bemagtiging gebruik.
- Swart studente het begin organiseer om die wit dominansie te weerstaan en het die filosofie van SB aangeneem.
- Die South African Students Organisation (SASO) was vir universiteitstudente en die South African Students Movement (SASM) is in skole gestig.

- Idees van die SB is aanvanklik deur die Nasionale Party (NP) verwelkom want dit het by aparte ontwikkeling ingepas.
- 'Black People's Convention' (BPC) was die hooforganisasie (wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het) wat SB omhels het.
- Vakbonde wat in lyn met die SB-filosofie was, het die 'Black Parents Association' en 'Black Allied Workers Union' (BAWU) ingesluit.
- SBB het nuwe leierskap en 'n nuwe rigting in weerstandspolitiek ingelui as gevolg van die vakuum/verbande ANC en PAC.
- SBB het die regering teengestaan en wou wit dominasie beëindig.
- Het 'n massa organisasie geword wat apartheid wou ondermyn.
- SB idees inspireer werkers om stakings te begin.
- Die SBB ondersteun die disinvesteringsveldtogte.
- Biko was 'n kragtige spreker.
- Reaksie van die SA regering; organisasies verbonde aan die SBB insluitend SASO is verban.
- SB was gewild onder die jeug.
- Soweto-opstand.
- Die regering het geglo dat die SB 'n groot rol in die opstand gespeel het. SASM is geïnspireer deur die SSRC.
- Biko het deur die land gereis en sy idees verkondig en baie gewild geword.
- Bantoe-onderwys stel Afrikaans as 'n medium van onderrig in skole in. Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp.
- Sommige onderwysers en leerders was reeds aan die idees van Biko en die SB filosofie deur SASO studente van die universiteit blootgestel.
- 16 June 1976 protesteer studente vreedsaam – polisie reageer gewelddadig (Hector Pieterson, 'n 13-jarige seun was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand).
- Biko word gearresteer – groeiende weerstand.
- Finale aanhouding in 1977 lei tot sy dood.
- Internasionale verontwaardiging teen sy dood en internasionale reaksie van die Soweto-opstand lei tot meer weerstand teen apartheid (Rol van die media).
- Westerse lande ondersteun die verpligte wapenembargo teen SA.
- Gemeenskapsprojekte: onderneem opvoedkundige, gesondheid en ander self-help projekte wat die lewens van swartes verbeter.
- Ander leiers wat verantwoordelik was vir self-help groepe: Barney Pityana, Ben Khoapa and Mamphela Ramphele.
- Zanempilo Community Health Centre naby King William's Town.
- Enige ander relevante antwoord.

**SLOT**

- Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking wat by die vraag aansluit, afrond. **[50]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

‘Dit was De Klerk se besluit wat die weg gebaan het vir ’n onderhandelde skikking wat uiteindelik tot die totstandkoming van ’n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelei het’.

Bespreek hierdie stelling krities. Staaf jou argument met relevante historiese bewyse.

### SINOPSIS

Kandidate moet hulle argument met bewyse ondersteun.

### KERNASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet al die gebeure van die onderhandelingsproses noem en die uitdagings voor die 1994 verkiesing wat uiteindelik tot ’n nuwe demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelei het.

### UITBREIDING

- FW de Klerk het Nelson Mandela en ander verbanne politieke leiers in 1990 vrygelaat. Die ANC, PAC en ander verbanne organisasies is ontban. Dit was die begin van die onderhandelinge.
- Maart 1990 skiet die polisie 11 stakers in Sebokeng dood; in protes stel Mandela die eerste rondte samesprekings uit.
- Groote Schuur Notule, 2 Mei 1990 – NP stem in om ’n klimaat vir onderhandelinge te skep. ANC nog nie bereid om gewapende stryd te beëindig nie.
- Die Regering verwyder die onderdrukkende wette en hef die Noodtoestand op.
- ANC gaan voort met Operasie Vula. Polisie arresteer van die hoofleiers van Operasie Vula maar hulle is later vrygelaat. Die ANC wou nie ontwapen nie totdat die regering ophou om die gewapende magte te gebruik nie (Verwys na Sebokeng).
- Pretoria Notule in Augustus 1990 – NP waarborg die vrywaring van terugkerende ballinge en ANC skort gewapende stryd op.
- Opbou van geweld in KwaZulu-Natal en die Vaaldriehoek – vermoedelik ’n Derde Mag – die regering laat die Goldstone Kommissie dit ondersoek.
- KODESA 1 – 19 politieke partye behalwe AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigdes.
- Mandela en De Klerk kon nie saamstem oor magsverdeling en die raadgewende vergadering nie – vergadering verdaag. Die Verklaring van Voorneme is geteken om Suid-Afrika te verenig.
- Referendum slegs vir blankes (Maart 1992) – De Klerk toets wit ondersteuning vir onderhandelinge – Uitslag – oorgrote meerderheid stem ja – onderhandelinge gaan voort.
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie gehou nie a.g.v. geweld en onvermoë van partye om oor magsverdeling saam te stem.
- Boipatong bloedbad (17 Junie 1992) bedreig die onderhandelingsproses. Die ANC loods ‘n ‘rollende massa aksie’.
- Bisho bloedbad (September 1992) het amper die onderhandelinge laat ontspoor.
- Suid-Afrika deur geweld en ’n groeiende ekonomiese krisis geteister.

- Ironies, het die geweld die hand van die gematigdes aan albei kante versterk – beraad volg.
- Memorandum van Verstandhouding (Record of Understanding) (September 1992) – Meyer en Ramaphosa het hulle toegewy aan vrede en onderhandelinge.
- Meyer en Ramaphosa stem saam oor Joe Slovo se Sonsondergang Klousule (Sunset Clause).
- Veelparty onderhandelinge het by Wêreld Handelsentrum voortgegaan maar Inkatha, Konserwatiewe Party, Ciskei en Bophuthatswana het onttrek.
- Die AWB het die onderhandelinge versteur toe hulle die Wêreld Handelsentrum met gepantserde voertuie bestorm het.
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – vrees vir uitbreek van volskaalse rasse-oorlog (burgeroorlog). Mandela kalmeer die nasie op TV.
- Hoofonderhandelaars het die onderhandelinge gedryf met ’n hernieude gevoel van dringendheid en saamgestem dat 27 April die datum vir die demokratiese verkiesings sal wees.
- Voortgesette geweld; PAC val St. James Kerk aan, Heidelbergtaverne, Kaapstad, Amy Biehl-moord. Bophuthatswana skietery, Shell House bloedbad, bomme is deur ver-regses in Johannesburg geplant.
- 27–29 April 1994 verkiesing gehou. ANC wen en Mandela word die eerste swart Staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika.
- Enige ander relevante antwoord.

**SLOT**

- Kandidate moet hul argument met ’n relevante gevolgtrekking wat by die vraag aansluit, afrond. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

‘Dit was die val van kommunisme wat grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het’.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou antwoord te ondersteun.

### SINOPSIS

In die skryf van die opstel die kandidaat moet krities bespreek hoe Mikhail Gorbachev se hervormings in die Sowjet Unie uiteindelik gelei het na veranderinge in die lande in Europa sowel as Suid-Afrika. Kandidate moet ’n standpunt inneem.

### KERNASPEKTE

Inleiding: Fokus op hoe die ineenstorting van kommunisme in die USSR tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het.

### UITBREIDING

**Sowjetunie:**

- Agtergrond: In 1985 het Gorbachev – die nuwe president van die USSR-ekonomiese en sosiale probleme geërf. Die hoofekonomie (command economy) was nie effektief nie; verbruikersgoedere was skaars; korrupsie aan die orde van die dag – baie mense glo nie meer in kommunisme nie.
- Die USSR het probleme op die internasionale front bv. hulle kon nie moderne wapens bekostig nie (Star Wars) en kon nie bekostig om by ander lande betrokke te raak nie.
- Gorbachev begin **‘Perestroika’ (ekonomiese herstrukturering)** en **‘Glasnost’. (Deursigtigheid in regering en meer vryheid van spraak)**. Gorbachev kondig aan dat ander politieke partye as die Kommunistiese Party van die Sowjetunie gevorm kan word en dat verkiesings vir ’n nuwe parlement gehou kan word.
- **Demokratisering (democratises/democratisation)** deur Gorbachev.
- Mense in Oos-Europa het die USSR met belangstelling dopgehou.
- Gorbachev se hervormings het tot **regeringshervormings in baie Sowjetstate in Europa en ook in ander lande soos Suid-Afrika gelei.**

**Europa:**

- **Pole** het alreeds 'n nie-amptelike vakbond genaamd Solidariteit met 10 miljoen lede gestig.
- Dit het gedurig die Poolse Regering bevraagteken.
- Die Poolse Regering is geforseer om die werkers se reg om te staak en onafhanklike vakbonde te erken.
- 1989 – Voorsitter Jaruzelski onderhandel met Solidariteit.
- Die Poolse Rondetafelsamesprekings (Round Table Talks) lei tot die eerste nie-kommunistiese regering.
- Lech Walesa is tot President van Pole verkies.
- Solidariteit se sukses in Pole moedig bewegings in ander satellietstate soos Tsjegge-Slowakye aan waar Havel die nuwe president na die rewolusie ('velvet revolution') geword het.
- Die Hongaarse en Bulgaarse rewolusies was vreedsaam.
- In Roemenië het dit gelei tot die teregstelling van President Ceausescu.
- In Nov. 1989 is die Berlynse Muur, die simbool van die Koue Oorlog, afgebreek en het 'n mylpaal in die disintegrasie van die Sowjetunie geword.
- In vrye verkiesings in 1999 in Duitsland gehou, het die kommuniste net 16% van die stemme gekry en kort daarna is die twee Duitslande herenig.
- 1990 – vrye verkiesings is gehou in die Oosbloklande en nie-kommuniste wen in al hierdie gevalle.
- Hulle verlaat die Warskou Verdrag; verlaat die USSR; afbreek van kommunistiese strukture; stel vrye handel in die ekonomie bekend; het demokratiese grondwette ingestel en het onderhandelings met die Europese Unie begin om 'n lid te word.
- Die **Baltiese state** (Lithuania, Latvia, Estonia, Georgia) word onafhanklik van Moskou.
- Op 21 Des 1991 het Rusland en 11 ander republieke verklaar dat hulle nie meer deel van die USSR is nie.
- **Die USSR en Sowjetkommunisme het ophou bestaan en Gorbachev het alle mag verloor.**

**Suid-Afrika:**

- Die apartheid regime kon nie langer kommunisme gebruik om die beleid van totale aanslag en rassesegregasie te regverdig nie.
- Die VSA en sy bondgenote het nie langer voortgegaan om die apartheidsregime te ondersteun nie.
- Die ineenstorting van die USSR het die ANC ook beïnvloed om hul houding van sosialisme na kapitalisme te verander.
- Die ANC het ekonomiese en ideologiese uitdagings ondervind – geen ondersteuning van USSR nie.
- Die ineenstorting van die USSR het druk op beide die Nasionale Party (NP) en die ANC geplaas om onderhandelings te begin.
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die NP aangespoor om onderhandelinge met kommuniste oor die onafhanklikheid van Namibië te begin. Dit het dit makliker gemaak om met die ANC te praat.

- Die Weste ondersteun Suid-Afrika en wil hê dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties oplos.
- Dit het duidelik geword dat die NP regering nie die wit oorheersing onbepaald kon handhaaf nie (Ekonomiese krisis en interne geweld het vermeerder).
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie deur Moskou aangehits is nie.
- Dit het De Klerk toegelaat om met die vryheidsorganisasies te onderhandel vir ’n blywende oplossing vir Suid-Afrika.
- Op 2 Februarie 1990 kondig De Klerk aan dat alle anti-apartheid organisasies ontban word en dit het die pad vir die onderhandelinge gebaan.
- Na die onderhandelinge is die eerste demokratiese verkiesings in 1994 gehou; Mandela word president.
- Enige ander relevante antwoord.

**SLOT**

- Kandidate moet hul argument met ’n relevante gevolgtrekking wat by die vraag aansluit, afrond. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]